

29 April

Bid sodat julle nie versoek word nie

**Skrifgedeelte: Openbaring 12
Fokusgedeelte: Openbaring 12:15**

Dié gedeelte is 'n alomvattende oorsig van die stryd tussen Satan en die kerk. Die vrou waarvan ons lees kan gesien word as die kerk en dus ook al die gelowiges. Die draak is Satan of die slang. Die slang lei die mens in die versoeking in die paradys. Jesus word dan ook deur die slang in die woestyn versoek, maar Hy weerstaan die versoekings. Dus het Jesus die dood oorwin deur vir ons swakheid te sterf en op te staan! Daarom is die bose nou agter die gelowiges aan.

Gelowiges ontvang vlerke van geloof en gebed om veilig na die woestyn, wat God vir ons voorberei het, te gaan. 'n Woestyn kan gesien word as 'n ongemaklike plek – warm in die dag en koud in die nag, geen kos of water nie. Net soos die volk in die Ou Testament is die vrou of die gelowiges afhanklik van God om hulle te versorg en te beskerm in die woestyn.

In Openbaring 12:15 lees ons: *“En die slang het uit sy bek water soos 'n rivier agter die vrou aan uitgegooi, om haar te laat wegvoer deur die rivier.”* Water in 'n woestyn! Wat 'n groot versoeking om in absolute dors die water te weier!

Daar kom in elke mens se lewe sulke versoekings. Wat kan ons doen om hierdie versoekings te weerstaan? Jesus se antwoord hierop is Lukas 22:40: *“En toe Hy op die plek kom, sê Hy vir hulle: Bid dat julle nie in versoeking kom nie.”* Jesus het die sonde oorwin, Hy is ons voorspraak by die Vader.

Daarom wag ons nou biddend, soos die volk Israel, in die woestyn by God, na die koms van die nuwe Jerusalem.

Teologiese Student Morné Diederichs